

Skriflesing: Mattheus 13: 1-23

Teks: **Mattheus 13:3a; 10;18**

Sing- Ps. 2:5,6; Ps. 143:1,2; Ps. 85:3; Ps. 126:3

Mattheus 13:1-23 (vgl. Mark 4:1-20 en Luk. 8 4-15).

Mat 13:1 En op daardie dag het Jesus uit die huis uitgegaan en by die see gaan sit.

Mat 13:2 En groot menigtes het by Hom vergader, sodat Hy in 'n skuit geklim en gaan sit het. En die hele skare het op die strand gestaan.

Mat 13:3 En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: 'n Saaier het uitgegaan om te saai;

Mat 13:4 en terwyl hy saai, val 'n deel langs die pad, en die voëls het gekom en dit opgeëet.

Mat 13:5 En 'n ander deel het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie grond was nie; en dadelik het dit opgekom, omdat daar geen diepte van grond was nie;

Mat 13:6 maar toe die son opgaan, is dit verskroei, en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog.

Mat 13:7 En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik.

Mat 13:8 En 'n ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die een honderd—, die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

Mat 13:9 Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!

Mat 13:10 En die dissipels het gekom en vir Hom gesê: **Waarom spreek U tot hulle deur gelykenisse?**

Mat 13:11 Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.

Mat 13:12 Want hy wat het, aan hom sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.

Mat 13:13 Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie.

Mat 13:14 En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie.

Mat 13:15 Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

Mat 13:16 Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor.

Mat 13:17 Want, voorwaar Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie.

Mat 13:18 **Luister julle dan na die gelykenis van die saaiër.**

Mat 13:19 As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roef wat in sy hart gesaai is—dit is hy by wie langs die pad gesaai is.

Mat 13:20 En by wie op rotsagtige plekke gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem;

Mat 13:21 maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik.

Mat 13:22 En by wie in die dorings gesaai is—dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar.

Mat 13:23 En by wie op die goeie grond gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd, die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

Skriflesing: Mattheus 13: 1-23

Teks: Mattheus 13:3a; 10;18

Sing- Ps. 2:5,6; Ps. 143:1,2; Ps. 85:3; Ps. 126:3

Wanneer ons met die gelykenisse van die Here besig raak, broeder en suster, dan moet jy verstaan wat jy lees. Daar is baie gelykenisse, baie van hulle is goed bekend, maar net soos wat mens dink jy hulle maklik kan verstaan, net so maklik kan 'n mens 'n gelykenis verkeerd verstaan. 'n Gelykenis gaan gewoonlik van die bekende na die onbekende. Daar word 'n alledaagse toneel voorgedra wat almal goed ken en dan raak die toneel al hoe interessanter, want dieselfde bekende toneel word omskep tot iets wat jou in jou geloof, in jou hart, in jou diepste wese gryp. Die toneel wat gesien kan word verander in wat nie gesien kan word nie, maar hier is die onsigbare baie meer belangrik as die sigbare. 'n Gelykenis dra 'n geheim en 'n sleutel. Die geheim moet met die sleutel oopgesluit word, voor jy regtig kan verstaan wat jy lees.

Die Here het nie maar skielik op 'n mooiweersdag besluit nou slaan hy oor na gelykenisse nie. Daar het iets gebeur! Mattheus 12 het gebeur. Jesus word in sy diepste wese beledig. Hy word as Messias verwerp. Daar is selfs so vêr gegaan om te sê dat Hy met die duivel saamwerk. Hy dryf duiwels met duiwelse kragte uit. Met hierdie verwerping in Israel het Jesus op presies dieselfde dag wat die Jode sê Hy wat die Here is, is 'n "duivel-kameraad", op presies dieselfde dag vertel Jesus sy eerste gelykenis. Israel het hulle eie ondergang bewerk. Met die vernietiging van Jerusalem en die tempel in 70nC toe die Romeine alles tot die grond toe afgebreek het, kan ons maar weet die dag toe hulle Jesus so beledig het soos wat Matt. 12 en die ander evangelies dit skryf, hulle vernietiging het toe al begin, 70 jaar later heeltemal voltrek.

Nou kom Matt. 13 in aansluiting by Matt. 12 en die een gelykenis na die ander begin oor Jesus se lippe te rol. Daardie dag wat daar so 'n verskriklike belediging en ingrype in Jesus se lewe op aarde gemaak was, daardie dag begin Hy te praat in gelykenisse waar mense nie maar sommer vinnig en maklik kan hoor en verstaan wat Hy bedoel nie. Jesus se preek op die berg, die bekende Bergrede (Matt.5) was duidelik, reguit. Daar het Jesus nie in gelykenisse gepraat nie. Nou is die tyd van die gelykenisse. Hy sal nou uitkies wie Hom mag verstaan, Hy sal verduidelik wat Hy bedoel net aan hulle wat Hy graag dit duidelik wil maak.

Broeder en suster, die Here gee Self drie redes waarom Hy nou van gelykenisse gebruik gaan maak. Een- Hy maak bepaalde dinge van sy koninkryk bekend. Twee - Hy gaan bepaalde dinge vir die massas verberg. Drie- hier is die vervulling van 'n profesie.

Om bietjie meer breedvoerig hiermee te handel hoor ons, sien ons, dat Jesus gaan bepaalde waarhede van sy koninkryk openbaar maar die koninkryk is nie vir die massas nie. Daardie massa wat Hom by die duiwel wil plaas, vir hulle dien die gelykenis as 'n verbergings, daar is 'n geheim in die gelykenisse wat hulle nie kan en nie mag verstaan nie. Hulle wat Hom as Messias verwerp, hulle is nie deel van sy koninkryk nie. Wie die lig verwerp kan nie op meer lig wil aanspraak maak nie. Met opset praat die Here nou in die gelykenisse dat hulle wat verward is net nog meer verward moet word.

Ja, by die gelykenis tref dit ons daar is baie mense wat daar agter Jesus aangegaan het. Matt.13:2 *sê groot menigtes het by Hom vergader.* Dan klim Hy in 'n skuit, vaar die see 'n ent in dat die menigte Hom van die strand af kan sien en hoor. Alles lyk idillies mooi, want dit is 'n mooi deel van Israel waar dit alles plaasvind. In Galilea, naby Petrus se tuisdorp Kapernaum, die heuwels en vlaktes wuiwend mooi. Dit is asof die grond 'n mens roep kom plant hier.

Die beeld van die saaiers bring egter egter geen idilliese geromantiseerde sukses nie. Die gelykenisse breek die romanse af om te dink alles gaan maklik en goed en reg wees. Massas wat in hulle gehoor gestreel gaan word. Trouens hoe dieper die gelykenisse insny, hoe méér daar in-gesaai word, sal die verhardende uitwerking duideliker en duideliker word, baie mense ten spyte. Die kerk het te doen met goeie saad maar waar daar vernietiging op groot skaal van hierdie goeie saad gaan plaasvind, op die pad, op die vlak grond, tussen die onkruid is daar saad wat verlore gaan, baie saad wat verlore gaan...

Hulle wat Hom, die Saaiers, verwerp, is in hulleself die verworpenes. Die profesie van Jes. 6:9-10 is wat plaasvind- **9** *En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie.* **10** *Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.* Dit is wat die Here in ons teks hoofstuk nou ook sê - **11** *Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar*

aan hulle is dit nie gegee nie. 12 Want hy wat het, aan hom sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. 13 Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie.

Dit het dan by Jesus die gebruik geword om in gelykenisse te praat. Wanneer sy dissipels na die tyd by Hom was dan verklaar Hy wat die gelykenis beteken het. Die sleutel sluit dan die geheim oop. In samehang met die drieërlei doel is daar 'n besliste vierde doel by die gelykenisse om God se koninkryk of soos Mattheus hierna verwys die koninkryk van die hemele met die gelykenisse binne te gaan. God se koninkryk wat in beginsel dit vooropstel dat God regeer. In elke gelykenis gaan dit oor die heerskappy, die regering, die heerlikheid van God.

Sy koninkryk is ewig maar is geestelik van aard. Die koninkryksgelykenisse laat God se krag al sterker na vore kom. Hy wat reeds gekom het, gaan weer kom. Die klein begin toe Jesus die eerste keer gekom het maar daar gaan 'n allesomvattende einde wees. Ons kan die toekoms nou reeds sien deurbreek, maar ons is nog nie daar nie. Wanneer die Here weer kom dan breek sy koninkryk finaal en beslissend deur.

Elke gelykenis is dan ingedeel met 'n begin, dan is daar 'n tussenfase en op die einde die alles oorweldigende slot. By die saad is daar die begin, die saadjies wat moet begin groei, dit moet eers behoorlik ontkiem, so ook by die suurdeeg, dit moet eers die meel deurtrek voor daar verder gegaan kan word. Die mosterdsaadjie 'n klein begin, tog word dit iets baie groter.

Dit alles as agtergrond by wat ons gelese gelykenis vandag is. Dit is 'n baie bekende gelykenis. In 'n sekere sin in aansluiting by ons reeks van grond preke vroeër die kwartaal. Ja, so bekend is die eerste gelykenis dat dit mag wees ons begin by die begin, Gen. 1 en Gen. 2. God wat die mens boere gemaak het, want wanneer God die opdrag gee om die aarde te onderwerp en die grond te bewerk dan kom die bewerk ooreen met die Statevertaling se bouwen en Duitse vertalings praat van bauen of bebauen. So is die Afrikaanse woord om te boer in werklikheid 'n bouer, 'n bewerker van grond afgelei van die Duitse bauen, ook wanneer ons na akkerbou of mynbou verwys dan is die bou afgelei van ons stamlande se stamwoorde.

Iemand wat die aarde moet onderwerp en die grond moet “bebauen...beboer”. By so iemand staan Jesus se eerste gelykenis. Alles ook in aansluiting by Jesaja 28 wat wys die saaiër moet weet wat hy doen. Hy wat geroep is om te saai is ook geleer om te saai. Hy ploeg, hy eg, hy saai en dan lees ons Jes. 28:26- **26** *En sy God het hom onderrig hoe om dit te doen, Hy leer hom.* So eindig Jes. 28 ook dat ons in hierdie boerderypraktyke God sien *wat wonderbaar van raad is, groot van beleid.*

Die grote God in sy wonderbare raad en ewe groot beleid het nie net ons geleer om in die grond te saai nie, maar die saad van sy Woord moet gesaai word. Die saad was goed, die tyd was reg, ja daar word klem daarop gelê dit is God se saad wat gesaai moet word, sy Woord is die saad wat uitgedra moet word. Saad wat verlang na goeie grond, oop en los, diep en suiwer. In wese maak hierdie eerste gelykenis ’n vierledige greep, ja hierdie eerste gelykenis is die sleutel tot die verstaan van al die ander koninkryks-gelykenisse. Wie die ander gelykenisse wil verstaan moet hierdie eerste een goed verstaan.

Die vierledige greep wys dat dit saaityd is. Dit is waaroor die lewe moet gaan. Die uitdra van God se Woord. Ons word egter tegelyk gewys dat die grondoppervlakte, in ons geval die harte van mense verskillende harte is. Die grond waarop die saad val verskil, dit verskil drasties. Die derde aspek voor ons na elke hart begin deurdring wys op die teëstand, die stryd, die moeite, wat daar gaan wees. Die duiwel, die wêreld, die sondige vlees is net so werklik soos die grond en die saad. Dan wys hierdie eerste gelykenis ook op die vierde aspek daar is verskillende teëstande maar daar is ook verskillende reaksies. Mense wat nie noodwendig teëstand bied nie, maar tog is daar nie diepte nie, daar is nie vrug nie. Mense wat botweg hard is, die hardepadhoorders, daar is geen bekering nie, saad word opgepik.

Ons kry ook die klipgrondhoorder. Dit is nie ’n geval van die grond is klipperig nie, maar dit is rotsbanke onder die grond weggesteek en op hierdie groot klipbanke lê daar net ’n dun lagie grond. Net genoeg dat die saadjies wel bedek is. Klipbanke wat in die son warm bak en as die saadjies daarop val en die eerste bietjie water kom daarby, dan is die warm grond en eerste water ’n sneller wat die saad vinnig laat ontkiem, bedrieglik vinnig, want het hierdie saad alles te make met mense wat vinnig glo, emosioneel is hulle aanvanklik in ekstase oor hulle bekering, oor hulle geloof oor hoe wonderlik dit alles is, maar o weë daar is nie diepte nie. Die vinnig opskietende groei gee lang halms maar geen saad nie.

Wel, het ons ook te doen met die derde hart, ja ons besef al drie die soort harte is nie noodwendig in drie verskillende mense nie, maar ál drie kan gelyk in jou en my wees. Hoe ek soms die voëls die saad van die Woord laat oppik, hoe ek ander kere vlak en oppervlakkig met die Woord omgaan, ander kere is dit ek wat die onkruid toelaat. Die saad tussen die onkruid het weer sy eie bedrieglikheid. Gewoonlik maak die boere goeie voorsorg deur in die maande van voorbereiding van die grond, die onkruid aan die brand te steek. Hierdie brandende onkruid laat ons in Jesaja lees (9:17)-) *Want die goddeloosheid brand soos vuur; dit verteer dorings en distels en steek die digte takke van die bos aan die brand, sodat hulle in 'n rookpilaar opstyg.* Ook Jes. 27:4- *Kry Ek doring of distel, in oorlog sou Ek daarop aanval, dit alles saam verbrand...* Al was al die onkruid doodgebrand en daar is met groot moeite gepoog om hierdie onkruid uit die grond uit te roei, wortel en tak, dan is daar maar altyd weer 'n agtergeblewe stukkie wortel wat vinnig uitgroeï sodra die omstandighede vir die goeie saad daar is om te groei.

Die saad op die harde rotsbank met die dun stukkie grond het hoog opgeskiet maar daar was geen diepte nie. Dan help die lang nek niks. Die saad tussen die onkruid kan wel diepte bereik maar die onkruid groei vinniger en is sterker en laat al maar die goeie saad sy plek verloor. Later raak dit so omgroeï van 'n onkruid dat die tere plantjies van die goeie saad heel verstik raak.

Hierdie derde tipe hart is die mens wat nooit daarin slaag om sy beroep, sy aansien, sy besittings of wat ook al ondergeskik te stel aan die Woord van God wat soos goeie saad sy hart ingekom het nie. Tog bly dit 'n halfhartige hart en die bekering van so 'n hart is net so halfhartig. Die wêreld met sy geld en sy sport, sy blink motors en vet bankrekeninge wat mense lok maak dat die plantjies verstik raak. Dit kry nie behoorlik in die Woord van God geanker nie. Dit kan mense wees wat hulle teologies sterk uitlaat en dit klink of hulle die Bybel selfs goed ken maar dit wat goed kon wees word deur die wêreldse sorg verdring. Die wortels is wel diep maar die verstikking van die onkruid is te veel. Hierdie is vir gereformeerde mense, met diep belydenisse en omvattende leerstellinge 'n wesentlike bedreiging. Wat help die diepte as die verstikking maar net toeneem en toeneem.

Die dorings word al hoe meer in die sakebelange wat uitbrei in die geld wat al meer word, die dorings groei al lekkerder hoe makliker ek van die kerk wegbly en die samekomste versuim,

die dorings word al meer hoe minder ek Bybel lees. Die dorings word al meer hoe meer die gebede stil raak.

Broeder en suster, al wat oorbly is darem wel daardie hande vol saad wat daar nog oor was en waarop die saaiers sy laaste hoop vestig, Dit kom op en dit groei en waarlik waar daar kom vrug. Dit gee selfs goeie oeste. By die tweede diens sal ons besef hoe belangrik hierdie oes wel is. Sondag 32 van die Kategismus is wat werklik saak maak. Hierdie oes is wat ons in dankbaarheid goeie werke kan noem. Hoekom is dit so belangrik?! Ons prys God hiermee, ons kry in hierdie harte van ons wat so maklik grond bied vir hardheid en klipbanke en onkruid 'n omgekeerde hart wat vanweë die goeie vrug al hoe meer sekerheid verkry dat ek die goeie saad, die heilige saad dien, selfs het hierdie verskillende opbrengste 'n derde wonderlike doel en dit is om die ander met die hart van klip en onkruid, ja die hardste hart vir die Here te wen (V/A 86 Kategismus).

Steeds is dit nie alles gelyk nie. Tussen die goeie lê daar ook al weer drie grade. Dertigvoud, sestigvoudig, selfs vol, honderdvoudig. Die laaste halm buig met sy baie korrels. Meer as die vorige twee want dit dra soveel meer. Nooit is dit 'n geval van alles is nou goed en volmaak nie. Daardie dertig en sestigvoudige halms is reeds wonderlik om hulle op die land te kon sien. Hulle is in die Here se kerk, dit is wonderlik om dit te weet.

Maar ons sluit af met die besef ons sal in die koninkryksgelykenis onself deeglik moet ondersoek. My eie hart is dit kliphart of is dit groeigrond?! Kom ek wel van saad tot daad. Of is ek besig om op die baie teerpaaië wat ons ry eintlik maar net so 'n hart te ontwikkel. 'n Teerpadhart. 'n Lekker gladde pad, dit gee 'n vername indruk. Ja, ons gee ons paaië name. Party strate is Kerkstaat genoem, want daar is 'n kerk daar langsaan, maar dit sê einlik niks as die kerk op die bordjies staan, maar in die harte is dit hard, dit is vlak, dit is verstik. As jou hart geword het soos die teerpad waarop jy baie keer is dan mag ek 'n vername indruk skep, o ek is so besig, so vernaam, aanmekaar ry ons en ons werk, geen tyd vir rus nie, selfs nie vir die ewige saad om tot rus te kom dat daar ontkieming kan wees nie.

As ek heeltyd op die paaië is en nie meer in die akker kom nie, die akker van God se Gees om daar besaai te word met die volmaakte heilige saad van God se Woord, dan het ek die gelykenis in beginsel reeds verloor. Materieel 'n wenner, akademies 'n wenner, sport 'n wenner, loopbaangerig en prestasie gerig 'n wenner, maar geestelik 'n volslae verloorder...

Drukke en verkeer maak die voëls van die Bose se vlerke lekker los. Gou kom hulle die saadjies oppik wat daar op my teerpadhart kom val het. Gou brand die warm son en die warm rots die plantjie dood wat in vlak grond ontkiem het. Dit alles met ek wat 'n gou-gou lewe wil hê. Gou kerk-toe kom, gou klaar preek, maak tog net gou, gou kom die dorings en distels ook, al het ek 'n gereformeerde wortel, diep in die aarde ingeslaan, maar moet nie die onkruid onderskat nie. Dit groei gou, vinniger as die goeie.

Broeder en suster, mag ons besef dit is nie die saad se skuld nog ooit gewees dat mense hulle nie bekeer nie, dit kan ook nie die prediker se skuld wees nie, dit is net my eie skuld. Mag u skuld wel anders lyk vanoggend. Mag u skuld 'n ere rekening wees want u is in die skuld omdat daar by u wel 'n dertig en sestig-voudige oes is, maar ons besef daar kort nog. Dit kan ook honderdvoudig wees.

AMEN